# Prosesvloei: Aanstelling van die Rektor en Visekanselier

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

## RAAD

Prosesbestuur: Registrateurskantoor (as die sekretariaat van die Raad), in samewerking met die Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB)

- Die Raad inisieer die aanstellingsproses twaalf (12) maande voordat die ampstermyn van die dienende Rektor en Visekanselier verstryk.
- Die Raad keur die samestelling van die Senior Aanstellingskomitee (SAK) goed.

  Die Registrateurskantoor, in samewerking met MHB, is die SAK-sameroeper.

## SENIOR AANSTELLINGSKOMITEE (SAK)

- Die SAK stel 'n advertensie saam wat die inherente vereistes van die pos, kwalifikasies en ander kriteria uiteensit.
- Die SAK stel 'n voorlopige kortlys saam en voer onderhoude.
- Die SAK stel 'n finale kortlys van verkieslik drie (3), maar nie minder as twee (2) geskikte kandidate saam.

## AFDELING MENSLIKE HULPBRONNE (MHB)

- MHB staan die SAK by met die samestelling van die advertensie.
- MHB adverteer die pos in die media en verrig strategiese werwing.
- MHB moet toesien dat 'n voldoende poel geskikte kandidate aan die SAK voorgelê word.

Bladsy 2

# Prosesvloei: Aanstelling van die Rektor en Visekanselier

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

## RAAD

Prosesbestuur: Registrateurskantoor (as die sekretariaat van die Raad), in samewerking met die Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB)

Die Raad mag, indien die behoefte bestaan, onderhoude met die kandidate voer.

Die Raad besluit finaal oor die aanstelling van 'n Rektor en Visekanselier by wyse van 'n absolute meerderheidstem (50% + 1) van die Raadslede wat aanwesig en stemgeregtig is.

## SENIOR AANSTELLINGSKOMITEE (SAK)

Bladsy 1

Die SAK lê die finale kortlys in alfabetiese volgorde, met opmerkings en vergesel van die kandidate se visiestellings en curricula vitae, aan die Senaat en IF voor.

**Die SAK lê die onderstaande aan die Raad voor:**

1. Die SAK se aanbevelingsrapport.
2. Die geskikte finale kortlyskandidate se name, in alfabetiese volgorde.
3. Die geskikte finale kortlyskandidate se curricula vitae.
4. Die geskikte finale kortlyskandidate se visiestellings.
5. Die Senaat se aangewese voorkeur-kandidaat.
6. Die IF se aangewese voorkeurkandidaat.

## INSTITUSIONELE FORUM (IF) & SENAAT

INSTITUSIONELE FORUM (IF)

SENAAT

**VERGADERING VAN DIE SENAAT EN IF**

- Die Raadsvoorsitter tree as voorsitter op.
- Die Raadslede en SAK-lede word ook uitgenooi om hierdie vergadering by te woon – as waarnemers.
- Kandidate op die finale kortlys moet hulle visiestellings voorlê.
- Die Senaat en die IF stem slegs oor hulle voorkeur.